# REËLS VIR DIE TOEKENNING VAN DIE LEEFTYDPRESTASIETOEKENNING VIR NAVORSING EN INNOVASIE

| | |
|---|---|
| **Verwysingsnommer** | 9P_9.4.8_LA |
| **Verantwoordelike uitvoerende bestuurder** | Adjunk-visekanselier: Navorsing en Innovasie |
| **Beleideienaar** | Direkteur: Navorsingsondersteuning |
| **Verantwoordelike afdeling** | Navorsingsondersteuning |
| **Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking** | Goedgekeur |
| **Goedgekeur deur** | Raad |
| **Datum van goedkeuring** | 22 Junie 2023 |
| **Datum van wysigings** | |
| **Hersieningsdatum** | 22 Junie 2026 |

*Adjunk-visekanselier: Navorsing en Innovasie*

# REËLS VIR DIE TOEKENNING VAN DIE LEEFTYDPRESTASIE-TOEKENNING VIR NAVORSING EN INNOVASIE

## Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om ŉ internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en ŉ sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) die Reëls vir die Toekenning van die Leeftydprestasietoekenning vir Navorsing en Innovasie op 22 Junie 2023 aanvaar.

## 1 Doel

Die Leeftydprestasietoekenning vir Navorsing en Innovasie is die hoogste en die mees gesogte toekenning in Navorsing en Innovasie. Dit kan toegeken word om ŉ uitstaande vakkundige te erken en te vier wat ŉ belangrike vakkundige of wetenskaplike bydrae tot die bevordering van ŉ dissipline gemaak het deur navorsing, innovasie of kreatiewe uitsette, of wat ŉ uitsonderlike lewenslange vakkundige prestasie behaal het en al ten minste vyftien (15) jaar lank in die betrokke wetenskaplike domein aktief is. ŉ Maksimum van twee (2) toekennings sal in enige gegewe jaar gemaak word en daar mag jare wees waarin geen toekennings gemaak word nie.

## 2 Wie kwalifiseer?

Kandidate kan benoem word in enige NWU-fakulteit of -vakgebied soos hieronder aangedui (alfabeties):

- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- Opvoedkunde
- Ingenieurswese
- Gesondheidswetenskappe
- Geesteswetenskappe
- Regte
- Natuur- en Landbouwetenskappe
- Teologie

Kandidate moet óf as permanente óf vastetermynpersoneel aan die NWU verbonde wees. ŉ NNS-gradering is nie ŉ vereiste vir benoeming nie.

## 3 Benoemingsprosedure

Die benoemde moet ŉ benoemingsvorm voltooi en ŉ omvattende CV en stawende dokumente verskaf. Selfbenoeming is moontlik. Alle dokumentasie moet in elektroniese formaat by die gasheerfakulteit ingedien word. Die betrokke Uitvoerende Dekaan, na oorleg met die Fakulteitsraad, moet die motivering en alle dokumentasie aan prof Nnesi Kgabi (Nnenesi.kgabi@nwu.ac.za) voorlê, wat as die Sekretariaat sal dien. Slegs een kandidaat kan per fakulteit benoem word.

## 4 Beoordelingspaneel

4.1 Die beoordelingspaneel bestaan uit die AVK vir Navorsing en Innovasie, direkteure vir Navorsingsondersteuning, Hoofdirekteur vir TOIS en Fakulteitsverteenwoordigers (Adjunkdekane vir Navorsing en Innovasie of aangewesenes).

4.2 Die beoordelingspaneel kan tot drie (3) spesialiste in die betrokke wetenskaplike domein of vakgebied waarin die benoeming gemaak is, koöpteer vir advies en insette.

4.3 Die mandaat van die beoordelingspaneel is om die geskiktheid van benoemde kandidate te evalueer aan die hand van die kriteria vir die toekenning en ŉ konsensus te bereik oor een (1) of twee (2) mees geskikte kandidate gebaseer op tellings van benoemingsvorms (en indien nodig, oorweging van addisionele insette deur gekoöpteerde spesialiste).

4.4 Die naam/name van die mees geskikte kandidaat/kandidate, tesame met die voltooide benoemingsvorms en omvattende CV's, en ŉ opsommende verslag van alle ander benoemde kandidate, word aan die Senaat gestuur vir goedkeuring.

4.5 Die finale besluit en aanspreeklikheid m.b.t. die toekenning berus by die Senaat.

## 5 Evalueringskriteria

Daar word van die kandidate verwag om bewys te lewer van uitsonderlike bydraes in die betrokke wetenskaplike domein (Landbou, Ingenieurswese, Gesondheid, Geesteswetenskappe en Kuns, Natuur- en Sosiale Wetenskappe) in vyf (5) areas (besonderhede in Bylae 1):

5.1 Verdienstelike of uitsonderlike prestasie, deurbraak of bydrae tot die bevordering van die wetenskaplike domein of generering van nuwe kennis en hoe die bydrae ŉ internasionale impak gehad het en/of nasionaal of internasionaal erkenning geniet.

- Ten minste een (1) verdienstelike of uitsonderlike prestasie, deurbraak of bydrae in die betrokke wetenskaplike domein wat op nasionale of internasionale vlak bekroon is.
- Impak op handel, ekonomie, maatskaplike responsiwiteit, beleid of praktyk.
- Enige ander verdienstelike prestasie, bv. NNS-gegradeer as ŉ internasionale vakkundige.

5.2 Kwaliteit en kwantiteit van navorsing, innovasie of kreatiewe uitsette (NB: alle gelyste wetenskaplike referate, boeke en boekhoofstukke sal deur die Biblioteek- en Inligtingsdienste en/of Departement Navorsingsondersteuning bekragtig word).

- Bewyse van impakvolle publikasies as eerste, senior of hoofouteur.
- Bewyse van lewenslange rekords van publikasies ongeag outeurposisie.
- Bewyse van lewenslange rekords van innovasie en/of kreatiewe uitsette.

5.3 Ontwikkeling van menslike kapasiteit, met inbegrip van bevordering van deelname van jong navorsers, vroue in die betrokke wetenskaplike domein en mentorskap in lyn met nasionale imperatiewe.

- Aantal nagraadse (M en D) studente afgelewer, insluitend swart en vroulike studente.
- Aantal postdoktorale genote (in hoedanigheid as studieleier of mentor), insluitend swart en vroulike genote.
- Mentorskap van jong navorsers.

5.4 Uitsonderlike diens in die betrokke wetenskaplike domein

- Lede en rol in nasionale en internasionale panele, adviesgroepe en werkgroepe in die spesialisveld.
- Ontvanger van ander prestige-toekennings of wetenskaplike prestasies.
- Bevordering van die publiek se begrip van die wetenskaplike domein.

5.5 Aantoonbare rekord van eksterne fondsinsameling vir Navorsing en/of innovasie of kreatiewe uitsette.

- Aantal nasionale toekennings ontvang (navorsingsbefondsers, nywerheid, staatsdepartemente, NRO, filantrope, stigtings, ens.).
- Aantal internasionale toekennings ontvang (navorsingsbefondsers, nywerheid, staatsdepartemente, NRO, filantrope, stigtings, ens.).

## 6 Tipe toekenning

ŉ Platinummedalje en ŉ elegant geraamde sertifikaat.

## 7 Oorhandigingseremonie

Die toekenning word oorhandig by die Visekanselier se NWU-uitnemendheidstoekenningsgeleentheid wat jaarliks gehou word.

## 8 Afwyking van die reëls

Afwyking van die reëls kan in sekere gevalle toegelaat word met die toestemming van die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde.

## BYLAE 1

As 'n riglyn sal die onderstaande kriteria deel uitmaak van die Benoemingsvorm. Die kandidate moet bewys lewer van 'n uitsonderlike bydrae in die relevante wetenskaplike domein in vyf (5) areas wat hieronder gelys word.

**Kriteria vir assessering (uiteensetting op benoemingsvorm)**

a) Bydrae tot die bevordering van die betrokke wetenskaplike domein, of generering van nuwe kennis en hoe die bydrae 'n internasionale impak gehad het en/of nasionaal of internasionaal erkenning geniet (gewig: 25%)

- Ten minste een (1) uitsonderlike prestasie, deurbraak of bydrae in die betrokke wetenskaplike domein wat op nasionale of internasionale vlak bekroon is.
  **Beskrywende narratief**
- Impak op handel, ekonomie, maatskaplike responsiwiteit, beleid of praktyk.
  **Beskrywende narratief**
- Enige ander verdienstelike prestasie
  **Beskrywende narratief**

b) Kwaliteit en kwantiteit van Navorsing, Innovasie of kreatiewe uitsette in die betrokke wetenskaplike domein (gewig: 30%)

- **Bewyse van impakvolle publikasies as <u>eerste, senior of hoofouteur</u>.**
  **Tabel 1:** Bewyse van impakvolle publikasies as eerste, senior of hoofouteur.

| Beskrywing |
|---|
| Aantal lewenslange publikasies in geakkrediteerde joernale soos erken deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) |
| Totale aantal aanhalings van lewenslang publikasies in geakkrediteerde joernale soos erken deur die DHOO |
| Lys vyf (5) publikasies met die hoogste aantal aanhalings as eerste outeur en/of senior outeur |

- **Bewyse van lewenslange rekord van navorsingsuitsette ongeag outeurposisie**
  **Tabel 2:** Bewyse van lewenslange navorsingsuitsette ongeag outeursposisie

| Beskrywing |
|---|
| Totale aantal lewenslange publikasies in geakkrediteerde joernale ongeag outeurposisie |
| Totale aantal aanhalings van lewenslange publikasies in geakkrediteerde joernale ongeag outeurposisie |
| Aantal gepubliseerde boeke |
| Aantal hoofstukke in boeke |
| Aantal eweknie-geëvalueerde konferensieverrigtinge |
| Die Hirsch-indeks (H-indeks) van kandidaat – gemiddeld van Google, Web of Science en Scopus |

- **Bewyse van lewenslange rekord van innovasie en/of kreatiewe uitsette**
  Beskrywende narratief van innovasie en/of kreatiewe uitsette

c) Noemenswaardige ontwikkeling van menslike kapasiteit, met inbegrip van bevordering van deelname van jong navorsers, vroue in wetenskap en mentorskap in lyn met nasionale imperatiewe (gewig: 15%)

- Aantal nagraadse (M en D) studente afgelewer, insluitend swart en vroulike studente.

| Studentenommer | Student se naam | Etnisiteit | Geslag | Graad geregistreer | Graadverwerwings-datum |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

- Aantal postdoktorale genote (in hoedanigheid as studieleier of mentor), insluitend swart en vroulike genote

| Student se naam | Etnisiteit | Geslag | Graad begin | Datum voltooi |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |

- Mentorskap van jong navorsers
  Narratief van mentorskap van spesifieke jong navorsers.

d) Uitsonderlike diens in die betrokke wetenskaplike domein (gewig: 10%)

- Lid en rol in nasionale en internasionale panele, adviesgroepe en werkgroepe op die gebied van kundigheid;
  **Narratief of 'n lys**
- Ontvanger van ander gesogte toekennings en/of wetenskaplike prestasies
  **Narratief of 'n lys**
- Bevordering van die opernbare begrip van die betrokke wetenskaplike domein
  **Narratief of 'n lys** (openbare lesings, media, tudskrifte, ena.).

e) Aantoonbare rekord van eksterne fondsinsameling vir navorsing, innovasie of kreatiewe uitsette (gewig: 20%)

- Aantal nasionale toelaes ontvang (navorsingsfinansiers, nywerheid, staatsdepartemente, NRO, filantrope, stigtings, ens.).

| Toelaagnaam | Bron | Jaar toegestaan | Hoofondersoeker of mede-ondersoeker | Bedrag |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |
| Totaal | | | | |

- Aantal internasionale toelaes ontvang (navorsingsfinansiers, nywerheid, staatsdepartemente, NRO, filantrope, stigtings, ens.).

| Toelaagnaam | Bron | Jaar toegestaan | Hoofondersoeker of mede-ondersoeker | Bedrag |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |
| Totaal | | | | |

Original details: (11664754) C:\Users\11664754\Documents\Temp\9P_9.4.8_LA\Rules for the Awarding of the Research and Innovation Lifetime Achievment Award.docm
27 Junie 2023

File reference: 9P_9.4.8_LA